



ST. IRENEÛS 28 JUNIE

(c137—c200)

Hy was biskop van Lyons (in moderne Frankryk) en word beskou as die eerste groot Katolieke teoloog. In sy tyd was die Kerk nog jonk en klein, maar alreeds vinnig aan die uitbrei. Hy was 'n groot bemiddelaar in al die groei krisisse binne die vroeë Kerk. Sy groot intellek, sy ruim denke en veral sy diep geloof het die Kerk baie deur daardie moeilike beginjare gehelp.